Publication: Burger (Oos Kaap)
Date: Wednesday, August 22, 2018
Page: 1

# R500 000 gebruik vir braaiplekke by ministers se huise

**Llewellyn Prince**

Parlementslede is briesend omdat byna R500 000 van belastingbetalers se geld gebruik is om braaiplekke by drie ministers se ampswonings te bou.

Wat lede van die parlement se staande komitee oor openbare rekeninge (Skoor) nog verder omkrap, is dat die regering ook miljoene rande bestee om luukse huise vir ministers te koop en in stand te hou, terwyl van die huise leeg staan.

"Die komitee is bekommerd oor wat blykbaar 'n prioriteit vir die regering is. Is dit regtig nodig om soveel geld net aan 'n braaiplek vir 'n minister te bestee?" het Themba Godi, voorsitter van die komitee, in 'n verklaring gesê.

Die komitee is ook besorg oor hoe ampswonings wat aan ministers toegeken word, gebruik word. "Die regering bestee buitensporige bedrae geld om hierdie huise te koop en in stand te hou, terwyl sommige van hulle nie eens deur die ministers of hul adjunkte gebruik word nie.

"Skoor het vasgestel dat die departement 148 prestige-huise besit wat aan ministers en hul adjunkte toegeken word. Die komitee het die departement van openbare werke gevra om verslag te doen oor hoeveel elke huis se instandhouding, tariewe en belasting die afgelope twee jaar bedra het.

"Die komitee het ook 'n gedetailleerde verslag aangevra oor watter van dié huise tot erfenisterreine verklaar is en wat dit kos om dit in stand te hou."



Themba Godi

Volgens Godi is die komitee ook besorg omdat daar geen perk is op die koste van ministeriële huise nie. "Die departement betaal tot R9 miljoen vir 'n sekere minister se huis, terwyl ander ministers in huise woon wat sowat R4 miljoen kos."

Die betrokke minister se naam word nie genoem nie.

"Dit is werklik kommerwekkend dat die departement geen handleiding vir sulke aankope het nie. Skoor meen hierdie departement is daarvoor bekend dat hy allerhande karakters lok wat 'n vinnige wins wil maak."

Volgens Godi het Skoor die departement van openbare werke opdrag gegee om op 29 Augustus volledig verslag aan LP's te doen oor vier maatskappye wat glo bevoordeel is met die verkoop of instandhouding van ministeriële woonhuise.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.